


***Eucalyptus* Spesies**

Bloekombome

blue gums

(Vernaamlik *E. grandis* - "salignabloekom"; en *E. Camaldulensis* - "rooibloekom")



Eucalyptus grandis ('salignabloekom')



E. Camaldulensis wat Melkrivier oorneem

Beskrywing: Hoë regopstaande, (25-50 m) immergroen bome met skagvormige stamme (*E. grandis*) en vertakkings (*E. camaldulensis*) met 'n hoë kroondak. Die boombas is oor die algemeen glad met 'n gevlekte grys-wit oppervlakte (of rooierig by *E. camaldulensis*), maar dié van *E. grandis* skilfer af in lang, dun repe om 'n poeieragtige, bleek, binne-bas te vertoon. Lang, smal en groen blare met 'n sterk aromatiese reuk wanneer dit gebreek word, met roomkleurige wit blomme. Die vrugte is bruin peulagtige kapsules. Kan 'n taai gom laat uitlek wanneer die bas gebreek word.

Oorsprong: Vanuit Australië ingevoer en gekweek vir hout, skuiling en vuurmaakhout. Dien as windskerms, as bronne van heuning en om moerasagtige dele droog te lê. Daar bestaan meer as 70 variasies van *Eucalyptus* spesies, (inheems aan Australië en Suid-Asië), en daarvan is sowat 200 soorte in Suider-Afrika verbou en 9 tipes daarvan is reeds as indringer-onkruid in Suid-Afrika verklaar. Slegs *E. grandis* en tot 'n mindere mate *E. camaldulensis*, is van belang in die Waterberg.

Voorkoms: *Eucalyptus* spesies is wyd aangeplant op landbougrond in die Waterberg-omgewing vir die gebruik as grensafbakening (baie min daarvan is egter aangeplant as 'n tipiese plantasie). Digte stand van die plante kom voor waar dit vogtig is, met die gevolg dat hulle oor die algemeen langs waterlope en paaie voorkom.

Hoekom dit 'n probleem is: Baie spesies van die *Eucalyptus*-plant dien tot groot voordeel van die Suid-Afrikaanse ekonomie en slegs daardie spesies, wat as indringers geklassifiseer is en veral dié, wat langs waterlope voorkom, moet uitgeroei word.

Eucalyptus is 'n uiters dorstige plant: daar is beraam dat 'n enkele boom van gemiddelde hoogte 70 liter water per dag kan opneem. Groepe van die bome kan dus wesenlik bydra tot die verlaging van die watertafel, die vermindering of uitskakeling van stroomvloei en die dwarsboming van die vloei van water in klowe.

Hulle kan kompetender meeding met inheemse spesies vir grond- en watergebiede en dit blyk dat hulle toksies kan wees - dit wil sê dat hulle chemikalieë afskei wat die groei van wortels van ander plante onderdruk.

Sade wat op die grond val, ontkiem geredelik onder die skuiling van ouer bome en wanneer laasgenoemde afgekap is, het die sade toegang tot sonlig, wat 'n skielike en vinnige groei van 'n hoë digtheid van boompies tot gevolg het.

Die bome bevat hoogs-ontvlambare aromatiese olies, wat saam met 'n tipiese dik laag van blaar-afval op die grond, 'n hoë risiko vir brande inhou en dit kan die verspreiding van onbeheersde veldbrande vererger.

Die twee spesies, wat hier genoem word, is in die meeste dele van die land, reeds as Indringers : Kategorie 2, verklaar. Nuwe wetgewing, wat nog gepromulgeer moet word, sal voorstel dat alle genoteerde spesies verbied word binne waterryke gebiede(bv. ondergrondse waterare), vleilande, bergagtige opvanggebiede, verklaarde hoë-risiko brandgevaar-gebiede en in beskermde gebiede.

Uitroei- / Beheermetodes: Die spesies is vatbaar vir fisiese uitroeiing en toediening van onkruidodders, maar hulle groei baie maklik weer en het die geneigdheid om in saailinge te ontkiem sodra dit aan sonlig blootgestel word. Dit is dus noodsaaklik om onkruidodders herhaaldelik toe te dien. Die boom kan uitgeroei word deur ringelering, wat 'n eenvoudige, goedkoop en doeltreffende manier is, maar dit lei tot 'n onooglike en potensieël gevaarlike hoë, dooie boom, omring deur 'n massa van jong, vinnig groeiende boompies. Met 'n bietjie meer moeite, kan dit afgekap word vir vuurmaakhout of hout, met die veronderstelling dat toegang tot die perseel toegelaat word, vir dié verwydering van die hout. Let daarop dat die verwydering van die volwasse boom spasie, vir die groei van kleiner boompies, kan veroorsaak. In beide gevalle vereis dit dus dat beide die stomp van die volwasse boom en die kleiner boompies, herhaaldelik behandel word met 'n geskikte onkruidoder oor 'n tydperk van 'n paar jaar.

Talle onkruidodders is vir die gebruik op bloekombome geregistreer. Die meeste is gebaseer op een van die volgende bestanddele:

- Glifosaat (isopropylamine), 360g i.g.v. / l SL (vir afgesaagde stomptoediening): bv. **Springbok** (L6719); **Roundup** (L407); **Erase** (L6206); **Glifosaat** (verskeie); **Mamba** L4817); **Kilo** WSG (L7431).
- Metsulfuron metiel 600g/kg WG (vir blaarbespuiting of afgesnyde stomptoediening): bv. **Brush-Off** (L4535); **Nicanor** 50 WP (L6583)
- Picloram 240 g / l SL (vir blaar- of afgesnyde stomptoediening): bv. **Access** (4920); **Browser** (L7357)
- Imazapyr 100 g / l SL (blaarbespuiting): bv. **Hatchet** (L7409); **Chopper** (L3444)
- Triclopyr (butoxy ethyl ester) 480 g / l EC (blaarbespuiting): bv. **Triclon** (L6661); **Garlon** 480 EC (4916); **Ranger** 240 EC (L6179).

Let egter daarop dat die uitkenning van spesifieke *Eucalyptus* spesies moeilik is. Die produkte wat hierbo genoem word, is dalk slegs effektief op die spesies wat **op** die produk-etiket gemeld is en oneffektief op ander spesies. Dit is tans nie moontlik om 'n enkele produk te kry, wat effektief is op alle *Eucalyptus* spesies nie, aangesien kruis-spesies ontwikkel is vir kommersiële doeleindes.

Let Wel: Volg die instruksies, wat op die onkruidoder etiket aangedui is, noukeurig na. Baie onkruidodders is uiters giftig vir ander plante en/of wild en vee as dit onoordeelkundig gebruik word. (Wangebruik van onkruidodders is 'n kriminele oortreding in terme van Wet 36 van 1947).

Bronnelys:

ARC-LNR Onkruid- & Indringer-plante webwerf: www.agis.agric.za/wip

ARC-LNR SAPIA News : 12 (Julie 2009) : ARC - Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Pretoria. www.arc.agric.za

Bromilow, Clive (2010): *Problem Plants and Alien Weeds of South Africa*. Briza. Pretoria

Henderson, Lesley (2001): *Alien Weeds and Invasive Plants*. Landbounavorsingsraad (LNR), Pretoria.

Van Zyl, Kathy, samesteller (2005): *Control of Unwanted Plants*. Xact Information, Pretoria.

Van Zyl, Kathy, samesteller (2012): *Problem Plant Control Compendium*, AVCASA, Midrand (info@croplife.co.za)

Spesiale dank aan Dr. Gerhard Verdoorn van Griffon Poison Information Centre, Mnr. Ferdie Jordaan van Arysta Lifescience en Me. Lesley Henderson van LNR vir hul waardevolle raad en leiding. Hulle entoesiastiese ondersteuning van hierdie vrywillige projek word opreg waardeer.